

# Open 'op 'n verrassende noot"

Met 'n interessante hoed op elkeen se kop het die Heilbron Fynproefwersgilde 2019 op 'n verrassende noot afgeskop. Op Vrydag 1 Februarie het die tafels in die Klipkerkie behoorlik gekreun onder al die lekker geregte wat deur die lede van die Fynproewers voorberei is. Die tema van die aand was "Verrassing" en dus het elke lid sy of haar gunsteling gereg voorberei. Niemand het geweet wie watter gereg saambring nie, en tog was daar 'n gebalanseerde en kleurvolle bord kos vir elkeen om te skep. Daar was vleisgeregte soos skaapskenkelpastei, skaapboud, beesfillet in rooiwynsous, beestong en hoenderlewertjies op verskillende maniere berei. Roomspinasie en 'n aartappelgereg het die groente se kant gedeck. Slaai soos tropiese koringslaai, ui-en mosterdring, beetslaai, en gestolde komkommerslaai het kleur verskaf. Natuurlik is die aand met heerlike nageregte afgesluit wat "trifle" en outydse asynpoeding (net soos Ouma s'n), ingesluit het. Wat die aand nog meer spesiaal gemaak het, was die geleentheid om rustig om 'n tafel met 'n heerlike bord kos voor elkeen te gesels en te kuier, en al die nuwe nuus op te vang.



Paul en Madrie Bergh



Driekie en Eugene Flemming



Willem en Julia Bester



Lizette Roets



Jolandri en Ruan Mienie




Miemie en Tommie Esterhuyse



Christene en Willie Cronje

## Spur se eerste Pizza Bust



Buffalo Valley Spur se eerste Pizza Bust het plaasgevind by Star Slaghuis. Belinda Taylor, hoof blokvrou van die slaghuis het hierdie week se pizza ontvang vir al haar harde werk. Sy is al drie jaar werksaam by Star Slaghuis. Wie gaan met volgende week se Pizza Bust wegstaan? Moenie vergeet om vir Edna te skakel nie. Op die foto verskyn werkers van Star Slaghuis en mev Elsa Labuschagne wat die pizza aan Belinda oorhandig.

## NG Suid spog met kerktuin



Lede van die NG Kerk Suid spog op hul Facebook-blad met al die harde werk en die gevolglik pragtige tuine op die kerkgronde. Op die foto kan gesien word hoeveel van die tuin lyk. Almal staan gereed om verder te werk om die tuine mooi te maak. Hoe pragtig sal Heilbron nie lyk as al die tuine so mooi versorg word nie?

1								3
	7	2	6		4	8		
4		9	3	5				6
	3	4	8		2			
	4	1	6		9	3		
	6				8	9		
5	7	8		4				2
				3			7	
2								5

### SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

## Briewe aan: Die Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Helene Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Durban het die swakste motorbestuurders, aldus 'n verslag deur Discovery Vitality, gebaseer op data van Disvocery se versekeringskema. Die stad se motoriste is meer geneig om vinnig te versnel, skielik te rem, en skerp te draai. Pretoria en Johannesburg is onderskeidelik

2de en 3de. Volgens die verslag het Kaapstad die veiligste bestuurders, gevolg deur Port Elizabeth en Bloemfontein.

Die data toon vroue ouer as 66 is SA se veiligste bestuurders (Bravo!) terwyl mans tussen 18 en 25 die swakste is. (In 'n sekere tydskrif gepubliseer). "Anoniem"

- Ingestuur deur H Howell van Huis Bron-van-Heil Heilbron.